

Saterdag 22 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:23-26	Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:26
---	--

“Gebruik dit tot my gedagtenis”

Paulus was nie teenwoordig toe Jesus die nagmaal ingestel het nie. Nee, deur direkte openbaring van die Here is die instelling van die nagmaal deur Jesus aan hom meegedeel.

Daarom sê Paulus: *“Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het.”* Die nagmaal is deur Jesus self ingestel dieselfde nag toe Hy gevange geneem is. Tydens die maaltyd het Jesus die brood geneem en nadat Hy gedank het, het Hy gesê: *“Dit is my liggaam, dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.”* Net so het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: *“Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit elke keer as julle daaruit drink tot my gedagtenis.”*

Ons lees van die instelling van die nagmaal in al vier Evangelies. Jesus beveel ons nêrens om sy geboortedag te onthou nie. Nee, Hy beveel ons om sy dood te onthou. Wanneer ons die nagmaal gebruik en uit die beker drink, moet ons dit gebruik tot sy gedagtenis. Daarom sê Paulus: *“Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.”*

Die nagmaal van die Here is ’n herdenking. Jesus het gesê: *“Gebruik dit tot my gedagtenis.”* Die nagmaal kyk terug na die verlede. Dit kyk na die sterwe van Jesus aan die kruis. Die nagmaal is egter ook ’n belydenis dat ons weet Jesus leef en sit aan die regterhand van God. Daarom is ek as gelowige deur geloof aan Hom verbind.

Die nagmaal kyk ook vooruit. Ons lees: Elke keer wanneer ons nagmaal vier, verkondig ons sy dood totdat Hy kom. Gevolglik is dit uiters belangrik dat ons moet sorg dat ons gereeld daar is wanneer die nagmaal gevier word.

Sing: Psalm 23-1:3

Ds. PJ van der Walt (Peet) (Emeritus)